Waterkruik

Die Gereformeerde Kerk WATERKLOOFRAND

JAARGANG 56 NO 9 3 Maart AD 2019

KOLLEKTE BY DIE DEURE

Vandag: **Teologiese Studentekas**

Doel: Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansieel met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.

Volgende Sondag:

Emeritaatsversorging

Doel: Om die emerituspredikante,
-weduwees en -wese van die Gereformeerde Kerke met lewensonderhoud en mediese bystand eervol te help versorg.

DIENSBEURTE

Vandag: Wyke 1 & 2
Ouderlinge: Corrie Skinner en Gerrit Broos
Diaken: Ruan Landsberg

Volgende Sondag: Wyke 3 & 4
Ouderlinge: Willie Enslin en Gerhard Koekemoer
Diaken: Ewald Landsberg

TEESKINKBEURTE

Baie dankie aan die susters van wyk 17 wat vanoggend o.l.v. Carene van der Merwe tee en koffie bedien.
Sondag 10 Maart is dit die beurt van wyk 18 o.l.v. Marna Horn.

Program vir die week

Maandag

Katkisasie vir hoërskoolleerders soos gereël.

Donderdag

Alle Bybelstudiegroepe :
daar sal hierdie Donderdag geen Bybelstudie wees nie

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; . . . en lei my op die ewige weg!"
Psalm 139:23-24

Dinsdag 5 Maart
Sr. Ethel Coetzee 082 822 0889

Woensdag 6 Maart
Hanno Hoogendyk (6) 082 319 3377

Saterdag 9 Maart
Hendrik le Roux (10) 082 901 6167

Hartlik geluk aan sr. Ethel Coetzee wat Dinsdag haar 89ste verjaardag vier. Mag die Here u ryklik seën in die nuwe lewensjaar en u elke dag vashou in Sy liefde en genade.

MEELEWING

Br. Grandi Theunissen, wat Dinsdag 'n operasie 'n breukoperasie ondergaan het, sterk tans tuis aan. 082 0944995
Br. Corrie Skinner het Vrydag 'n operasie aan sy hand ondergaan. 082 494 0309
Sr. Alida Steenekamp is nog steeds ernstig siek in die hospitaal en benodig ons voorbidding. 083 548 6162
Met leedwese maak ons bekend die afsterwe van prof Tjaart van der Walt, emerituspredikant van GK Wapadrant, op 22 Februarie 2019.

ROEPING VAN DIAKEN

Die volgende broeders en susters is geroep om as diakens te dien:
Brs. Eddie Josling, Gerrit Kruger, Louis Scheepers , en Srs Karen Moolman, Hannie Kuschke, Ansie Oosthuizen en Lisl Lindeboom.

Ons vra u voorbidding vir hulle met die oorweging van die roeping.

ATTESTATE

***Attestaat ontvang*:**

Ons heet *br. en sr. Edward en Areza Swanepoel* hartlik welkom in ons midde. Hulle het van Rietvallei by ons aangesluit. Ons vertrou dat julle sommer gou tuis sal voel. Areza is die dogter van Marthinus en Elmarie Erasmus.

BYBELS VIR U EVANGELISASIEWERK

Ons Evangelisasiekommissie het 'n verdere aantal Bybels in Engels en kategismusboekies in Engels bekom met die oog op die bevordering van evangelisasiewerk.
Indien u bewus is van 'n persoon wat daarby kan baat, nooi ons u uit om na die erediens vanoggend 'n Bybel en 'n boekie in die Konsistorie te gaan afhaal. (LW die Bybels en boekies is nie vir u persoonlike gebruik nie).

KUIERKAFEE BESIELING

Dr André van Niekerk, 'n baie lekker welsprekende en besielende spreker, het ons hierdie week 'n ander, meer Bybelse siening, gegee oor hoe ons die vrese vir die toekoms moet besweer.

By die uittog van Israel uit Egipte, die hele 40jaar in die woestyn het die Here hulle versorg. Hoekom kan hulle hom nie ook nou vertrou as hulle nou in 'n vreemde land intrek nie? En dit is dieselfde met ons: ons land is vol vreemdelinge met vreemde gebruike en gewoontes. Maar die Here het hulle nog veilig laat bly in die land van 'reuse'.

Dr André verwys ook na die saligsprekinge van Jesus, na die veldlelie en die mossie. Hulle bekommer hulle nie oor die dag van more nie, hoekom sal ons dan?



Ons weet die toekoms is in God se hande, laat ons net aanhou en elke dag doen wat reg is, dit is: 'doen' God se wet en gebooie, leef dit uit en bly leef in verwondering ook oor die klein dingetjies in die skepping, die veldlelie en die mossie, sien God daar agter - en leef met ware verwondering oor ons God!

"BUNNY CHOW" ERVARING

Weet jy wat is 'n "Bunny Chow"? Het jy al ooit die moed gehad om een te koop? Het jy al ooit gewaag om een te eet? Nie??? Dan het jy verlede Sondag 'n gulde geleentheid misgeloop om dit eerstehands te ervaar as jy nie by die Afskopfunksie was nie!

Ons het te staan gekom voor 'n tafel vol uitgeholde brode, bakke vol stomende kerrievleis, rys en slaai. Hoe nou gemaak? Man, jy skep alles in lae in die uitgeholde brood en verbeel jou jy sit op 'n straathoek en begin smul – as jy dapper is, sommer met die hand.

Die informele spyskaart het dadelik gesorg vir lekker lag en grappies en die ys is sommer daar en dan gebreek vir lekker gesellige kuier met medelidmate. Die ete is darem afgesluit met 'n meer stylvolle roomysnagereg om jou vingers en die geel ring om jou mond weer skoon te kry.

Ons sê dankie aan die wyksusters van die "informele nedersettings", wyke 3, 4, 12, 14, 15, onder leiding van Adele Mienie.

DAAR IS 'N AANTAL OULIKE FOTOS OP DIE WEBWERF WAARNA JULLE KAN GAAN KYK.

SO KRY JY 'N NUWE LEWE (5) – VOLHARDING VAN DIE HEILIGES



Elke gelowige word gedurig deur die duiwel aangeval (1 Petrus 5:8). Volharding in die geloof gaan daaroor dat jy aan Christus moet vashou in versoeking en swaarkry. So volhard jy :

- Bly standvastig in die geloof en staan die duiwel teë.
- Moenie net bekommerd wees oor bv. satanisme – sekere films, boeke, demoonuitdrywing – nie. Enige sonde of swaarkry kan jou die slagoffer van Satan maak.
- Moenie toe gee aan jou eie sinlike begeertes nie (1 Petrus 2:11)
- Hou vas aan God – groei in jou verhouding met Hom.
- Word bemoedig deur die lyding van ander gelowiges oor die wêreld.

(Kruispad 42)

BEKENDSTELLING VAN DISSIPELSKAPKURSUS

As deel van die Evangelisasiekommissie se jaarprogram is daar besluit om bietjie later in die jaar 'n dissipelskapkursus aan te bied om lidmate toe te rus om die Evangelie uit te dra.
Die Breë Kerkraad het dit goedgekeur dat ds Johannes Aucamp van Rietvallei Gemeente op Sondag 12 Mei 2019 die erediens by ons gemeente kom waarneem en direk daarna net 'n kort inleiding sal lewer tot sodanige kursus.
Ds Aucamp is 'n gesoute aanbieder van Dissipelskapkursusse. Ons is seker dat ons lidmate die praatjie waardevol sal ervaar en ons vertrou dat dit goed bygewoon sal word. Later meer besonderhede.

ALLERLEI

TEOLOGIESE FIETSTOER 2019

Hierdie jaar word die 150ste bestaansjaar van die Teologiese Skool herdenk . Vyftig jaar gelede het 'n aantal studente die 100ste bestaansjaar met 'n toer van Burgersdorp na Potchefstroom **te perd** herdenk.

Hierdie jaar gaan dieselfde gedoen word maar dié keer **per ysterperd**, d.w.s per fiets. 20 Studente en professore gaan op 21 Maart per fiets uit Burgersdorp vertrek . die afstand van 635 km sal oor 8 dae getrap word sodat hulle DV op 28 Maart in Potchefstroom sal arriveer. Op die pad gaan hulle stilhou by verskillende Gereformeerde Kerke om saam met hulle die geleentheid te herdenk.

MALAWI – FEBA-LUISTERAARKLUBS VESTIG 2 KERKE.

In Desember 2018 is twee nuwe kerke in Ndembe en Phililongwe in Malawi gevestig. Beide hierdie kerke het ontstaan uit FEBA-luisteraarklubs (FEBA: Far East Broadcasting Association) wat geestelik en numeries gegroei het.

Bashiri, 'n voormalige Moslem Sheik en leier van een van dié luisteraarklubs, sal nou die herder en predikant van die kerk in Ndembe wees. Hy sê: "Ons luister al vir baie lank na die: 'Way of Life'- programme en ons verstaan daardeur die boodskap van verlossing. Dit is hoekom ons glo dat dit nou die tyd is om ons eie kerk te vestig. Ons het gegroei tot volwasse gelowiges deur dit wat ons deur die radio geleer het. Ons wil graag vir FEBA dankie sê vir die radio's en ander belangrike hulpmiddels wat julle aan ons geskenk het en daarvoor verdien julle eer". Dit is duidelik dat die uitsendings 'n passie en honger vir Jesus by die luisteraars opgewek het.

(Bron: FEBA Radio Suid-Afrika)

Ns. FEBA Radio Suid-Afrika funksioneer vanuit 8ste laan 683, Mayville, Pretoria